

**PREDIKANTE PENSIOENFONDS
VAN DIE
NED. Geref. KERK IN SUID-AFRIKA**

BELEGGINGSMODEL VIR LEWENDE ANNUÏTEITE

Inligtingsgids



Hierdie gids bevat basiese inligting oor die fonds se lewensfasemodelle. Dit moet saamgelees word met die inligtingsgids vir individuele beleggingskeuses. Die fonds en Alexander Forbes Finansiële Dienste is nie aanspreeklik vir enige keuses wat lede op grond van die inligting in hierdie dokument uitoeven nie.

Julie 2010

INHOUD

BLADSYNOMMER

1. Agtergrond – watter beleggingskeuses is tans beskikbaar?	3
2. Watter nuwe keuse word nou gebied?	3
3. Vir wie raak die nuwe keuse?	5
4. Waarom word die nuwe keuse gebied?	5
5. Wat staan lede nou te doen?	6
6. Watter vorm moet ek voltooi om my lewensfasemodel te wysig?	7
7. Hoe gereeld kan ek my keuse van lewensfasemodel wysig?	7
8. Wat kos dit om my lewensfasiemodel/portefeulje te wysig?	7
9. Administratiewe sake van belang	7
10. Waar kry ek hulp?	7

BYLAE A: Annuïteitsopsies by aftrede

BYLAE B: Lewensfasevorm

BELEGGINGSKEUSES

1. Agtergrond – watter beleggingskeuses is tans beskikbaar?

Die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (die fonds) is 'n vaste-bydraefonds. Dus word die risiko van goeie- of swak beleggingsopbrengs deur die individuele lid gedra. Die beleggingsopbrengste wat op 'n lid se opgelope fondswaarde en die fondsbydraes verdien word, het 'n groot effek op die waarde van die uiteindelijke aftreevoordeel.

'n Lid se huidige oorhoofse beleggingskeuses onder die fonds kan soos volg saamgevat word:

- 'n Lid se opgelope fondswaarde en fondsbydraes word in ooreenstemming met die lewensfasemodel belê, wat beteken dat die lid se geld tussen die drie beskikbare portefeuljes (Langtermyn, Konserwatief en Inkomstebeskermer) versprei word, gebaseer op die lid se aantal jaar tot normale aftree-ouderdom, en dat die verspreiding outomaties aanpas soos wat 'n lid normale aftrede nader (die Verstekopsie), of
- 'n Lid kan self besluit hoe sy/haar opgelope fondswaarde en fondsbydraes versprei moet word tussen die drie portefeuljes wat deur die trustees beskikbaar gestel word.


2. Watter nuwe keuse word nou gebied?

Die nuwe keuse is 'n alternatief vir die huidige lewensfasemodel, met ander woorde 'n tweede lewensfasemodel word aangebied vir lede wat aftrede nader.


Die huidige lewensfasemodel bly steeds die verstekopsie en word daarom die "Verstek-lewensfasemodel" genoem. Die belegging van 'n lid wat geen aktiewe keuse uitoefen nie, volg dus die Verstek-lewensfasemodel tot by normale aftrede. Die uitstaande kenmerk van die Verstek-lewensfasemodel is dat dit eindig by 'n geldmarkbelegging (kontant) in die jaar voor aftrede.

Die alternatiewe lewensfasemodel word as 'n aktiewe keuse aangebied. 'n Lid moet dus kies om sy/haar belegging te skuif vanuit die Verstek-lewensfasemodel na die alternatief. Die alternatiewe lewensfasemodel word die "Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit" genoem. Die uitstaande kenmerk van die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit is dat dit nie eindig by 'n geldmarkbelegging in die jaar voor aftrede nie, maar met sowat 50% in aandelegeleggings.

Die Verstek-lewensfasemodel versprei 'n lid se geld soos volg tussen die beskikbare beleggingsportefeuljes, afhangend van die lid se aantal jaar tot normale aftree-ouderdom:



Die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit versprei 'n lid se geld egter soos volg tussen die beskikbare beleggingsportefeuljes, nog steeds afhangend van die lid se aantal jaar tot normale aftreeouderdom:



Die persentasies van 'n lid se geld wat onder die twee modelle in die onderskeie beleggingsportefeuljes belê word, kan soos volg vergelyk word:

Vergelyking van die twee lewensfasemodelle						
Jare voor Aftrede (65)	Langtermyn (Groei)		Konservatief (Behoud)		Geldmark (Beskerming)	
	Verstek	Beleggingsmodel	Verstek	Beleggingsmodel	Verstek	Beleggingsmodel
8	100%	100%	0%	0%	0%	0%
7	80%	100%	20%	0%	0%	0%
6	60%	90%	40%	10%	0%	0%
5	40%	80%	60%	20%	0%	0%
4	20%	70%	80%	30%	0%	0%
3	0%	60%	100%	40%	0%	0%
2	0%	50%	50%	50%	50%	0%
1	0%	40%	0%	60%	100%	0%

Vir volledigheid word die onderskeie beleggingsportefeuljes se teikengewigte (of strategiese allokasie) in die hoof-bateklasse ook hieronder gegee:

Beleggingsportefeulje	SA Aandele %	SA Rentedraend %	SA Eiendom %	Oorsese Aandele %	Oorsese Effekte %
Langtermyn Portefeulje	56	17	7	15	5
Konservatiewe Portefeulje	23	55	7	15	0
Inkomstebeskerming Portefeulje	0	100	0	0	0

Uit die bogenoemde twee tabelle kan ons dus aflei dat dit die teiken van die Verstek-lewensfasemodel is om ten volle in plaaslike rentedraende instrumente (geldmarkbeleggings) te eindig, terwyl dit die teiken van die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit is om in sowat 36% se plaaslike aandele, 15% se oorsese aandele, 40% se plaaslike rentedraende instrumente, 2% se oorsese effekte en 7% se plaaslike eiendomsbeleggings te eindig.

3. Vir wie raak die nuwe keuse?

Die keuse wat nou beskikbaar gestel word, raak tans net lede wat binne 8 jaar van normale aftrede is. Dit het 'n onmiddellike impak op hierdie lede. Die keuse sal egter ook mettertyd belangrik raak vir die lede wat nog langer as 8 jaar tot normale aftrede het.

4. Waarom word die nuwe keuse gebied?

Die keuse word aangebied om lede wat aftrede nader te help. Die verduideliking moet beskou word in die lig van die annuïteitsopsies wat lede by aftrede het. Bylaag A verstrek verdere agtergrond en besonderhede oor die annuïteitsopsies by aftrede.

Baie lede "koop" 'n tradisionele of gewaarborgde annuïteit ('n versekerde pensioen) aan by 'n versekeraar wanneer hulle aftree. Hiervoor is 'n kontantbedrag nodig. Die Verstek-lewensfasemodel eindig in 'n geldmarkbelegging net voor aftrede en verskaf dus die kontantbedrag vir die aankoop van die annuïteit. Die belegging van die aftreevoordeel word dus gestruktureer vir praktiese aanwending daarvan by aftrede.

Sommige lede wat aftrede nader besef egter dat hulle by aftrede hul aftreevoordeel na 'n lewende annuïteit gaan oordra (en nie na 'n gewaarborgde annuïteit nie). 'n Lewende annuïteit gee vir die persoon wat aftree beleggingsbuigsaamheid ná aftrede. Dit maak daarom sin om die belegging van die aftreevoordeel voór aftrede in ooreenstemming te bring met die verwagte belegging van die aftreevoordeel ná aftrede.

Die Verstek-lewensfasemodel eindig in 'n geldmarkbelegging net voor aftrede, terwyl die beleggings onder 'n lewende annuïteit tipies vir baie jare ná aftrede nog steeds aandelebeleggings insluit. Vir 'n lid wat sy/haar aftreevoordeel na 'n lewende annuïteit gaan oordra en 'n gedeelte in aandele gaan belê, is die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit teoreties 'n meer optimale strategie voor aftrede aangesien dit eindig met 'n gedeelte in aandelebeleggings in die jaar voor aftrede.

Die fonds stel nou die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit beskikbaar vir lede wat vroegtydig met hul aftreebeplanning begin en reeds voor aftrede in beginsel besluit om by aftrede hul aftreevoordeel na 'n lewende annuïteit oor te dra.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat daar baie beleggingstrategieë is wat voor aftrede gevolg kan word deur iemand wat by aftrede hul aftreevoordeel na 'n lewende annuïteit gaan oordra. Party kan byvoorbeeld sowat 30% in aandelebeleggings in die jaar voor aftrede teiken, terwyl ander meer as 50% kan teiken. Die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit is as riglyn voorgestel deur die fonds se beleggingsadviseurs (Fifth Quadrant). Lede moet egter besluit of hulle gemaklik is met die onderliggende risiko van die strategie en word weereens aangemoedig om finansiële advies in te win voordat hulle 'n besluit neem.

Lede wat nie hul opgelope fondswaarde en fondsbydraes in die Verstek-lewensfasemodel of die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit wil belê nie, kan steeds self besluit hoe dit versprei moet word tussen die drie portefeuljes wat deur die trustees beskikbaar gestel word.

5. Wat staan lede nou te doen?

Lede wat nog ver van aftrede is (bv. 8 jaar en langer) en pensioentrekkers hoef niks te doen nie.

Lede wat finansiële advies ontvang het en seker is dat hulle nie by aftrede hul aftreevoordeel na 'n lewende annuïteit gaan oordra nie, hoef ook niks te doen nie.

Lede wat egter aftrede nader (binne 8 jaar van normale aftrede) en onseker is óf dit oorweeg om by aftrede hul aftreevoordeel na 'n lewende annuïteit oor te dra, word aangemoedig om finansiële advies in te win en te besluit of hulle die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit moet kies bo die Verstek-lewensfasemodel.

Lede wat binne 5 jaar van normale aftrede is, moet veral versigtig wees met die keuse wat uitgeoefen kan word aangesien die tydsberekening van 'n skuif tussen die Verstek-lewensfasemodel en die Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit nadelige gevolge kan inhou, aangesien die risiko van skommelings in die waarde van aandele 'n beduidende invloed kan hê.

6. Watter vorm moet ek voltooi om my lewensfasemodel te wysig?

Die beleggingskeuse, insluitend watter lewensfasemodel gevolg moet word, word op die Beleggingskeusevorm (**Bylae B**) aangedui. Die vorm is by die PPF-kantoor in Bellville beskikbaar.

7. Hoe gereeld kan ek my keuse van lewensfasemodel wysig?

Lede kry maandeliks die geleentheid om beleggingskeuses uit te oefen. Die keuse tussen die lewensfasemodelle is egter iets wat eenmalig behoort te gebeur.

LET WEL: Skuiwe in beleggingsportefeuljes kan slegs op die **eerste van 'n maand** geïmplementeer word. Die voltooide keusevorm moet Alexander Forbes voor die 15^{de} van die maand bereik sodat die versoek aan die einde van die betrokke maand uitgevoer kan word. Indien dit na die 15^{de} ontvang word, word dit eers teen die einde van die volgende maand uitgevoer. **Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.**

VOORBEELD:

Keusevorms vir 1 April moet reeds teen 15 Maart in Alexander Forbes se besit wees.

8. Wat kos dit om my lewensfasemodel/portefeulje te wysig?

Die koste om die beleggingsamestelling van die fondswaarde en/of toekomstige bydraes te wysig, beloop tans R350 (BTW uitgesluit) per wysiging. Hierdie koste word van 'n lid se fondswaarde verhaal en word jaarliks deur Alexander Forbes hersien.

9. Administratiewe sake van belang

Beleggingskeuses verg administratiewe dissipline:

- Geen keuses kan teruggedateer word nie. Oorplasinge tussen die onderskeie lewensfasemodelle kan slegs gedoen word as daar betyds kennis gegee word.
- Hou asseblief 'n afskrif van die keusevorm vir rekorddoeleindes.

10. Waar kry ek hulp?

Indien u nie hierdie inligtingstuk verstaan nie, kan u vir Alexander Forbes (Faffa Knoetze) by 021x8093700 of die Voorkantoor (Kenny Raats) by 021x9577104 skakel.

Indien u nie weet watter keuse om uit te oefen nie, moet u 'n finansiële adviseur skakel vir advies.

ANNUÏTEITSOPSIES BY AFTREDE

BYLAE A

Jou aftrede is net om die draai... Dis tyd vir finansiële beplanning!

Inleiding

Jou aftrede kruip al hoe nader. Dis tyd dat jy jousef bewapen met al die voor-aftrede inligting en raad wat jy kan kry sodat jy die regte keuses kan maak met betrekking tot jou spaargeld vir aftrede.

Ons het hierdie kort gids saamgestel met die belangrikste kwessies wat jy in hierdie stadium van jou lewe moet oorweeg. Jy weet baie hiervan waarskynlik klaar, maar jy kan nooit te veel weet wanneer dit by planne vir jou aftrede kom nie: lees dus asseblief deur die inligting in die dokument.

Die betaling van jou aftreevoordeel

Daar's 'n paar maniere waarop jou aftreevoordele uitbetaal kan word.

- Gebruik jou hele aftreevoordeel om 'n annuïteit te koop.
- Gebruik 'n deel van jou aftreevoordeel om 'n annuïteit te koop en neem die res as 'n kontantuitbetaling (onderhewig aan belasting).

Dit is raadsaam om soveel as moontlik van jou voordeel te gebruik om 'n annuïteit te koop. Die verskillende soorte annuïteite word op die volgende bladsy uiteengesit. Daar's 'n aantal faktore om in ag te neem by die keuse van 'n annuïteit.

Belangrik!

Dit kan tussen vier en ses weke neem voordat jou aftreevoordeel uitbetaal word. Die rede is dat 'n belastingaanwysing verkry moet word vir enige kontantbedrag en omdat die bedrag vir die annuïteit na die versekeraar van jou keuse oorgeplaas moet word.

Die proses sal nog verder vertraag word indien jou belastingsake nie in orde is nie of as die dokumente vir die koop van die annuïteit nie reg ingevul is nie.

Belangrike faktore om in gedagte te hou

'n Paar van die belangrikste faktore:

1. Jou uitgawes

Wanneer jy oorweeg wat jou uitgawes na aftrede gaan wees, moet jy dink watter uitgawes sal voortduur, watter nuwe uitgawes jy mag hê (soos mediese uitgawes) en die dinge waarvoor jy nie meer sal hoef te betaal nie.

Dink aan die volgende:

- Sal jou huis/motor/ander skuld afbetaal wees?

As die antwoord ja is - wonderlik! Maar as dit nee is, sal jou maandelikse skuldbetalings aan jou inkomste vreet.

Kyk na jou lewenstyl en wat vir jou belangrik is en oorweeg die ander uitgawes wat jy mag hê:

- Reis jy graag vir vakansie?
- Betaal jy gereelde gelde aan 'n gimnasium, tennis- of golfklub te behoort?
- Hoe gesond is jy? Wat van die koste van lidmaatskap van 'n mediese fonds, as jy aan een behoort?
- Het jy troeteldiere?
- Sou jy moet reis om jou kinders te besoek?
- Hou jy van uiteet?
- Wat sal die onderhoud en eiendomsbelasting op jou huis(e) wees?
- Hoe oud is jou yskas, stoof, wasmasjien, ensovoorts en wanneer moet dit vervang word?

Hou in gedagte dat jou vervoerkoste minder sal wees, omdat jy nie meer elke dag by die werk en terug moet kom nie. Jy sal ook nie meer elke maand tot jou aftreefonds hoef by te dra nie.

Al die klein dingetjies word op die ou end 'n groot bedrag – moenie van jou TV- en voertuiglisensies, tydskrifte en DSTV-intekengeld of versekeringspremies vergeet nie.

2. Jou afhanklikes

As daar mense is wat van jou afhanklik is, sal jou inkomste nog verder krimp.

Wanneer jy jou afhanklikes in ag neem, moet jy oorweeg of jou eggenoot ook pensioengeld gaan hê wat julle na aftrede kan gebruik. Dis ook belangrik om te oorweeg of jou eggenoot nog gaan werk nadat jy al afgetree het en vir hoe lank.

Gaan jou kinders nog op skool wees of geld nodig hê vir studies?

Is daar enigiemand anders wat finansieel op jou staatmaak? Hoe afhanklik is hulle van jou?

3. Belasting in 'n neutedop

Die volgende tabel wys die belastingkoers van toepassing op die uitbetaling van kontantbedrae by aftrede of sterfte.

Belasbare kontantbedrag uit aftreegeld	Belastingkoers
R0 – R300 000	0%
R300 001 – R600 000	18%
R600 001 – R900 000	27%
Bedrag bo R900 000	36%

Enige vorige aftreevoordeel (na 1 Oktober 2007) of onttrekkingsvoordeel (na 1 Maart 2009) moet by jou huidige aftreevoordeel getel word om die effektiewe belastingkoers te bepaal.

Alle persone wat aftree is nou geregtig op 'n belastingvrye kontantbedrag van R300 000 oor hulle leeftyd. Dit is van toepassing op alle uitbetalings wat 'n persoon deur die jare van verskillende aftreefondse mag ontvang. As jy byvoorbeeld reeds 'n belastingvrye uitbetaling geneem het voordat jy aftree, sal jou belastingvrye bedrag by aftrede soveel kleiner wees.

Jy moet mooi dink hoe jy jou belastingvrye bedrag gaan belê om jou inkomste 'n hupstoot te gee en boonop vir jou toegang tot kontant te gee.

Die geld wat jy gebruik om 'n annuïteit te koop, word belastingvry na die versekeringsmaatskappy oorgedra. Jou maandelikse pensioengeld uit die annuïteit word belas net soos jou salaris belas word terwyl jy nog werk.

Alles oor annuïteite

'n Annuïteit is 'n pensioen wat jy met jou aftreegeld by 'n versekeringsmaatskappy koop. Enige inkomste uit 'n annuïteit sal ingevolge die belastingwette van die tyd belas word.

Jou aftreegeld kan soos volg aan jou betaal word:

- Jy kan tot 'n derde van jou aftreevoordeel in kontant neem, maar die bedrag is onderhewig aan belasting.
- Die oorblywende twee-derdes moet gebruik word om 'n annuïteit te koop, wat vir jou van 'n maandelikse inkomste kan voorsien. Hierdie twee-derde bedrag sal belastingvry aan die versekeringsmaatskappy oorgedra word.

NB! Hoewel pensioenfondse jou toelaat om 'n deel van jou voordeel in kontant te neem, moet jy goed dink voor jy enige kontant neem, want dit sal jou maandelikse pensioen kleiner maak.

Al die soorte annuïteite

Daar is verskeie soorte annuïteite waarin jy jou aftreegeld kan belê. 'n Kort vergelyking verskyn op die volgende bladsy. 'n Erkende finansiële raadgewer sal die opsies in meer besonderhede aan jou kan verduidelik en jou kan help besluit watter opsie jou omstandighede na aftrede die beste sal pas.

Wat om te oorweeg wanneer jy 'n annuïteit kies

Die annuïteit waarop jy besluit, moet die volgende risiko's vir pensioenarisse doeltreffend aanspreek:

- Verbruikrisiko – hoeveel jy elke maand nodig het.
- Markrisiko – die risiko dat jou spaargeld aan die mark blootgestel word en kapitaal kan verloor.
- Inflasierisiko – om jou inkomste met stygende lewenskoste te laat tred hou.
- Langlewendheidsrisiko – die kans dat jy lank kan leef en jy dus vir lank 'n inkomste nodig het.

Jy moet byvoorbeeld probeer seker maak dat jou pensioen vir die res van jou en jou eggenoot se lewens in lyn met inflasie groei, veral as hy/sy van jou afhanklik is.

Jou keuse sal afhang van onder andere die volgende faktore wat van jou spesifieke omstandighede afhang:

- Jou huwelikstatus.
- Jou en jou eggenoot se ouderdomme.
- Jou eggenoot se finansiële posisie – werk hy/sy nog en behoort hy/sy aan 'n aftreefonds.
- Jou afhanklikes, hulle ouderdomme en omstandighede – sal hulle na jou aftrede nog van jou afhanklik wees en vir hoe lank?
- Wil jy seker maak dat daar geld in jou boedel is wat jou eggenoot/afhanklikes kan erf.
- Jou en jou eggenoot se gesondheid, en julle lewensverwagting.
- Jou verwagte finansiële posisie met aftrede – het jy ander beleggings en bates bo en behalwe jou aftreegeld in die fonds?

Oorweeg hierdie faktore en ander persoonlike faktore waarvan jy weet, om jou te help om 'n gepaste annuïteit te kies.

Praat met 'n kenner

'n Finansiële raadgewer kan jou help seker maak dat jy goed genoeg beplan vir 'n gemaklike aftrede. As jy enige vrae het oor jou opsies of raad nodig het, praat met 'n goedgekeurde finansiële raadgewer.

Hier volg 'n kort vergelyking van die belangrikste soorte annuïteite wat beskikbaar is. Hulle lewer almal maandelikse pensioenbetalings, wat onderhewig aan dieselfde belastingbepalings is.

Soort annuïteit	Pensioenverhogings	Voordele	Nadele
Tradisionele gewaarborgde annuïteit	Die pensionaris kan by aftrede kies om geen jaarlikse verhogings te ontvang nie of kan 'n vaste verhogingsvlak kies (tipies 5%, 7.5%, 10% of 15%).	<ol style="list-style-type: none"> 1. Hoër aanvanklike pensioen (as geen verhogings gekies is nie). 2. Die pensioen sal lewenslank betaal word, maak nie saak hoe oud pensionaris word nie. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Pensioen sal nie verhoog nie (behalwe as verhoging gekies is) en sal dus nie met inflasie koers hou nie. 2. Pensioenarisse kies nie die inkomstevlak wat hulle nodig het nie. 3. Die aftrekapitaal "gaan verlore" indien die pensionaris en eggenoot kort na aftrede sterf. 4. Pensioenaris kan nie kies waar kapitaal belê word nie.
Met-winste gewaarborgde-annuïteit	<ol style="list-style-type: none"> 1. Jaarlikse verhoging bepaal deur die versekeringsmaatskappy afhangende van beleggingsopbrengste. 2. Enige positiewe verhoging deur die versekeraar verklaar, is gewaarborg. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Aanvanklike pensioenbedrag en positiewe jaarlikse verhogings wat deur die versekeraar verklaar word, word gewaarborg. Versekerings- maatskappy dra gedeeltelik die risiko van slegte beleggings- opbrengste 2. Die pensioen word lewenslank betaal, maak nie saak hoe lank die pensionaris leef nie. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Pensioenaris kan nie kies waar kapitaal belê word nie. 2. Jy kan 'n swak verhoging kry in jare wanneer beleggingsopbrengste sleg is. 3. Die aftrekapitaal "gaan verlore" indien die pensionaris en eggenoot kort na aftrede sterf.
Lewende annuïteit (nie-gewaarborg nie)	Pensioenarisse besluit watter inkomste hulle elke jaar wil hê (tussen 2.5% en 17.5% van hulle kapitaal) in oorleg met u finansiële adviseur.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Pensioenaris kies waar kapitaal belê word. 2. Pensioenaris kies inkomstevlak. 3. Buigbare keuses vir pensionaris in oorleg met u finansiële adviseur. 4. Oorblywende kapitaal by heengaan beskikbaar vir vererwing. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Pensioenaris dra die risiko van slegte beleggingsopbrengste. 2. Geen waarborge. 3. Die pensioen word nie noodwendig lewenslank betaal nie. Pensioenaris se kapitaal kan uitgeput word as: <ul style="list-style-type: none"> • Pensioenaris baie langer leef as verwag • Pensioenaris te gou te veel kapitaal as pensioen trek • Die beleggingsmark sleg vaar.
Alexander Forbes LifeStage annuïteit	<ol style="list-style-type: none"> 1. Pensioenarisse besluit watter inkomste hulle elke jaar wil hê (tussen 2.5% en 17.5% van hulle kapitaal) in oorleg met u finansiële adviseur. 2. Omskakeling van lewende annuïteit na gewaarborgde annuïteit lei gewoonlik tot pensioenverhogings vir kliënte. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ondersoek word elke jaar gedoen om te bepaal wanneer die beste tyd is om van 'n lewende annuïteit na 'n gewaarborgde annuïteitstruktuur te verander. 2. Buigbaar – jy mag kies om NIE na 'n gewaarborgde annuïteit te skuif nie. 3. Omskakeling van lewende annuïteit na gewaarborgde annuïteit maak kanse skraal dat jou inkomste gaan opraak. 4. Eggenoot voorsien van toekomstige inkomstestrome. 5. Pensioenstruktuur gebaseer op aktuariële modelle. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Indien ten volle na 'n gewaarborgde annuïteit geskuif het, bly geen inkomste of kapitaal met dood vir kinders oor nie. 2. Kan ingewikkeld wees en moeilik om te verstaan.

* Alexander Forbes beveel aan dat 'n minimum beleggingsbedrag van R1.5 miljoen nodig is om 'n lewende annuïteit te koop, en R1 miljoen vir 'n Alexander Forbes LifeStage annuïteit.

Begrotingswerkblad

Behuising	Maandeliks	Jaarliks
Verbandbetalings	R	R
Selfoon	R	R
Erfbelasting	R	R
Huishulp salarisse	R	R
Elektrisiteit	R	R
Meubels/toestelle	R	R
Huiseienaarversekering	R	R
Huishoudelike gas/olie/paraffien	R	R
Huishoudelike versekering	R	R
Huishoudelike herstelwerk/instandhouding	R	R
Huur	R	R
Telefoon	R	R
Water	R	R
Totaal	R	R
Vervoer	Maandeliks	Jaarliks
Motorversekering	R	R
Brandstof/olie	R	R
Lisensiegelde/boetes/parkering	R	R
Lening/bruikhuur-betalings	R	R
Instandhouding/diens/herstelwerk	R	R
Openbare vervoer	R	R
Registrasie	R	R
Totaal	R	R
Kruideniersware	Maandeliks	Jaarliks
Alkohol/sigarette	R	R
Kruideniersware	R	R
Middagetes	R	R
Totaal	R	R
Gesondheid	Maandeliks	Jaarliks
Aptek	R	R
Gesondheidsversekering	R	R
Mediese fonds	R	R
Medies/tandheelkunde/oogkunde	R	R
Totaal	R	R
Opvoeding	Maandeliks	Jaarliks
Kindersorg	R	R
Skoolgeld	R	R
Tersiêr	R	R
Teksboeke	R	R
Uniforms	R	R
Totaal	R	R
Persoonlik	Maandeliks	Jaarliks
Klere/skoene	R	R
Skoonheidsprodukte	R	R
Kredietkaart	R	R
Onthaal/uiteet	R	R
Sport/ontspanning/stokperdjies	R	R
Vakansies	R	R
Totaal	R	R
Finansiële beplanning	Maandeliks	Jaarliks
Noodspaargeld	R	R
Beleggings: langtermyn	R	R
Beleggings: korttermyn	R	R
Lewens- en ongeskiktheidsversekering	R	R
Aftrede	R	R
Korttermynspaargeld	R	R
Totaal	R	R

Kennisgewing:

Die inligting word beskerm deur toepaslike intellektuele eiendomswette en geen afskrifte, verspreiding of wysigings mag vir kommersiële doeleindes gemaak word nie.

Hoewel alles moontlik gedoen is om seker te maak dat die inligting hierin die nuutste beskikbaar, regverdig en akkuraat is, kan dit nie gewaarborg word nie.

Die gebruik van hierdie inligting deur 'n derde party, berus geheel en al by die derde party en is slegs ter illustrasie. Die inligting hierin is nie finansiële raad soos vervat in die 2002 Wet op Finansiële Raad en Bemiddelaardienste nie. Alexander Forbes Group (Pty) Ltd verteenwoordig nie enige produkte hierin, of beveel dit aan of stel voor – nie uitdruklik of gevolglik nie – dat die produkte hierin gepas is vir die besondere behoeftes van enige derde party nie.

Alexander Forbes Group (Pty) Ltd aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies, skade, onkoste of uitgawes wat gely mag word, regstreeks of onregstreeks, as gevolg van enige fout of uitlating hierin vervat nie.



ALEXANDER FORBES ADMINISTRASIEDIENSTE BELEGGINGSKEUSEVORM



Verwys asb na die belangrike notas op die agterkant – faks hierdie vorm na Alexander Forbes by 011 263 2948

PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREFORM. KERK IN SUID-AFRIKA

LIDBESONDERHEDE

Voltooi asb u persoonlike en kontakbesonderhede:

Verpligte inligting wat voltooi moet word

Van en Voorletters: _____	Geboortedatum: _____
ID Nommer: _____	Selnommer: _____
E-pos adres: _____	

Adisionele inligting wat voltooi moet word

Gemeente / Instansie: _____	Lid se posadres: _____
Tel Nommer: _____	
Faks Nommer: _____	

BELEGGINGSKEUSE (merk met 'n X in toeplaslike blokkie)

Ek kies Opsie 1 hieronder (Dit is die verstek opsie)

Opsie 1:

Ek kies die **Verstek-lewensfasemodel** en erken en verstaan dat 100% van my bestaande Fondskrediet en my toekomstige maandelikse bydraes, soos op die datum van die skuif, in die **Verstek-lewensfasemodel** belê sal word.

OF

Ek kies Opsie 2 hieronder

Opsie 2:

Ek kies die **Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit** en erken en verstaan dat 100% van my bestaande Fondskrediet en my toekomstige maandelikse bydraes, soos op die datum van die skuif, in die **Beleggingsmodel vir 'n lewende annuïteit** belê sal word.

OF

Ek kies Opsie 3 hieronder

Opsie 3:

BELEGGINGSPORTEFEULJE	"A" % Fondskrediet	"B" % Toekomstige Bydraes
Langtermyn Portefeulje		
Konserwatiewe Portefeulje		
Inkomstebeskerming Portefeulje (Geldmark)		
TOTAAL	100%	100%

Lid Paraveer

VERKLARING DEUR DIE LID

Ek verklaar dat ek die risikoprofiel van die beleggingsportefeuljes en my keuses daarvan verstaan en dat ek die nodige advies ingewin het waar nodig. Ek verklaar dat ek die implikasies van my keuse verstaan. Hiermee vrywaar ek die Fonds, die Trustees en die Hoofbeampte van die Fonds, my Werkgewer en Alexander Forbes Finansiële Dienste teen enige eis van watter aard ookal wat uit my beleggingskeuse mag voortspruit.

Ek verstaan dat die onus op my rus om te verseker dat die beleggingsinstruksie deur Alexander Forbes ontvang is en as Alexander Forbes nie ontvangs erken binne 5 werksdae nie, dat die instruksie moontlik nie mag plaasvind nie. Ek verstaan dat indien die vorm onvolledig of onakkuraat voltooi is, die opdrag moontlik nie deur Alexander Forbes uitgevoer sal kan word nie. (Sien belangrike notas) Ek sal Alexander Forbes volgens notas 6 en 7 binne 30 dae inlig as die instruksie nie volgens my intensie uitgevoer is nie. **Indien u enige navrae het, kontak Alexander Forbes by 0860 100 333.** 'n Faks-bevestigingsstrokie dien nie as bewys vir ontvangs van die keusevorm deur Alexander Forbes nie.

Naam: _____ Handtekening: _____ Datum: _____

BELANGRIKE NOTAS

1. Voltooi asb die **verpligte en addisionele inligting, naamlik:** van, voorletters, geboortedatum, Identiteitsnommer, selnommer en e-pos adres, volledig om die verwerking van die opdrag te bespoedig.
2. Verwys asb na die **Beleggingskeuses wat die Fonds** bied en maak u keuses daarvolgens. Let asb verder daarop dat sekere Portefeuljes aan spesifieke Reëls, soos kennisgewingperiodes en maksimum beleggingsbedrae, onderhewig kan wees. Hierdie Reëls geniet prioriteit bo en behalwe die Fonds se Beleggings Reëls.
3. Ons moet u Beleggingskeusevorm teen die 15^{de} van 'n maand ontvang om dit teen die einde van daardie maand uit te voer. Indien dit na die 15^{de} van die maand ontvang word, sal dit eers teen die einde van die volgende maand uitgevoer word.
4. 'n **Fooi** van R 350-00 (BTW uitgesluit) word per beleggingskuif direk van die lid se Fondskrediet verhaal.
5. Bevestiging van u beleggingskeuse, kan op die volgende webblad gekontroleer word: **<https://www.alexanderforbesonline.co.za>**. Indien u nie toegang tot internet het nie, kan u by 0860 100 333 registreer om inligting oor u belegging te kry.
6. Dit belangrik om deurlopend te verseker dat u beleggingskeuses korrek uitgevoer is. So nie, stel **Alexander Forbes (by 0860 100 333) binne 30 dae daarvan** in kennis. Enige navrae sal ook by hierdie nommer hanteer word .
7. Alhoewel Alexander Forbes maatreëls tref om hom teen rampe en katastrofiese gebeurtenisse te verskans, aanvaar Alexander Forbes geen aanspreeklikheid vir verliese wat deur 'n "*force majeure*", of enige ander bron *waaroor* Alexander Forbes geen beheer het nie, veroorsaak word.

Alexander Forbes Administrasie Dienste,
A divisie van Alexander Forbes Finansiële Dienste (Bpk).
Reg No. 1969/018487/07
FAIS Lisensie nommer: 1177
Alexander Forbes Place, Katherine Straat 61, Sandown, 2196
Posbus 652071, Benmore, 2010
Tel: +27 0860 100 333 (kontaksentrum)
Faks: +27 (11) 263 2948 (kontaksentrum)

Copyright in this material is expressly reserved and this form and all attachments (where applicable) remains the exclusive property of Alexander Forbes. This form and all attachments (where applicable) may not be copied, stored, retrieved or in any way reproduced without the express written permission of Alexander Forbes. Breach of copyright is a serious offence and can lead to litigation.